


Die preek kan na Sondag op [NG Elarduspark se YouTube] gevind word.

# *Ek is die Lig vir die wêreld*

## Ons word bewus...

Gesels saam: Het jy al ooit in die pikdonker probeer stap? Hoe het jy gevoel? Het jy teen iets vasgeloop?

Wat beteken die simboliek van lig en donker vir jou?

## Ons word bewus van God se stem

*Lees Johannes 8:12 en Johannes 9: 1-12 en 35-41*

## Ons word bewus van die bril waardeur ons die teks lees

Johannes 8:12 begin waar Jesus by ’n reeks twisgesprekke met die Fariseërs en ander Joodse leiers betrokke raak. Hier tref ons Jesus by die tempel aan waar Hy die stelling maak dat Hy die lig vir die wêreld is. Dié stelling moet verstaan word teen die agtergrond van die Huttefees
wat hulle besig was om te vier.

Tydens die Huttefees is vier goue lampe teen sononder aangesteek om die vuurkolom te simboliseer waarmee God snags die Israeliete in die woestyn gelei het. Hierdie fees was ’n viering van God wat die lig vir die Jode is, en hier kom Jesus en verklaar Homself as die lig wat die donker wêreld van sonde verlos. Die Joodse leiers het nie van Jesus se woorde gehou nie. In hoofstuk 9 bewys Jesus egter dat Hy die lig is, en die spanning tussen Hom en die Joodse leiers neem toe.

In die Ou-Testamentiese tyd is die vermoë om te kan sien met God geassosieer. Die algemene Joodse opvatting was dus dat die blinde man se lyding, en veral sy blindheid, die gevolg van sy of sy voorouers se sonde was (Jer. 31:29). Jesus verwerp hierdie opvatting om vir Sy dissipels en die skare te wys hoe God werk. Jesus gebruik die man se lyding om te wys hoe God selfs die donkerste lyding kan oorwin. Hy gebruik ook die

geleentheid om te getuig dat Hy die lig vir die wêreld is deur fisies vir iemand (die lig) te laat sien. Lig en duisternis het in daardie tyd ook simboliese betekenis gehad. Lig is gesien as dinge wat die wêreld ’n beter plek maak, en duisternis as dinge wat die wêreld ’n slegter plek maak. Jesus is die lig van die wêreld.

Later in die verhaal sien ons die teenkanting teen die blinde man se getuienis. Dit was so erg dat hy uitgeban is (Joh. 9:13-34). Die nuus het by Jesus uitgekom en Jesus het die man gaan opsoek om verder met hom te praat. Jesus het Hom oor die man ontferm omdat die man getuig het oor wat Jesus gedoen het. Die man het nie eens geweet wie Jesus is nie, maar hy het aangehou getuig ten spyte van die feit dat mense hom as ’n leuenaar bestempel het. In die gesprek wat Jesus met die man het, is dit duidelik dat die geneesde man geen idee het wie Jesus is nie. Jesus het Homself só aan die man geopenbaar dat die man tot bekering gekom het. Jesus gebruik weereens die geleentheid om vir die Fariseërs te wys hoe “blind” hulle geloof is. Hulle besit al die mag en al die kennis, maar steeds kan hulle *nie sien wie Jesus is nie: die Seun van die mens en die lig vir die wêreld.*

## Ons luister na mekaar

- Wat staan vir jou uit in die teks?
- Gesels oor die kontras tussen die blinde man wat sien en die Fariseërs wat kan sien, maar blind is. Hoe lyk geestelike blindheid vandag?
- Wat dink jy bedoel Jesus as Hy sê "Ek is die lig vir die wêreld?"

## Hoe leef ek oorwinnend in God se wêreld?

- Vertel vir mekaar wanneer jy die eerste keer gevoel het jou oë gaan oop vir wie Jesus is. Wie het jou vertel van Jesus?
- Wie is daar wat jy ken wat nog nie vir Jesus raaksien in hulle lewens nie? Wat is jou en ons as geloofsgemeenskap se rol om vir ander te vertel van Jesus?

## God stuur my en daag my uit om die wêreld te belig

- In Matteus 5 skryf Jesus dat ons die lig vir die wêreld is. Hoe gaan jy hierdie week jou lig laat skyn sodat mense Jesus deur jou kan sien?

Here Jesus, ware Lig van die wêreld, dankie dat U in ons donkerte ingekom het en ons harte verlig het. Dankie dat U ons oë oopmaak om waarheid, genade en hoop te sien, selfs wanneer ons onseker en bang is. Vergewe ons waar ons soms kies om in skaduwees te bly en nie U lig te volg nie. Vul ons met U Gees, sodat U lig deur ons woorde, dade en houding kan skyn. Help ons om draers van vrede, liefde en waarheid te wees in ’n gebroke wêreld. Laat mense deur ons U sien. Lei ons elke dag om naby aan U te wandel. Amen.